**Preekvoorligting Sondag 21 Junie 2020**

**Skriflesing:** Handelinge 2: 37 – 47 **Teksvers:** Handelinge 2: 42

**Tema: Wees steeds met intense inspanning kerk, want God werk deur jou!**

In die laaste tyd word daar baie geredeneer en gefilosofeer oor invloed wat die staat van inperking op die kerk se **effektiwiteit** om sy **roeping** te verwerklik, sou hê. Die antwoorde hierop lê in die Bybel en dan baie besonderlik in Handelinge 2. Hier het ons met die eerste christelike kerk te doen, mense met wie daar vier dinge gebeur het:

**1. Hulle het met intense inspanning ongeag teëstand aangehou om te bly by die leer van die apostels**

Die leer van die apostels – dit was die boodskap van Jesus Christus as die gekruisigde (1 Kor 2:2). ‘n Messias wat uit die dood opgewek is, die HG uitgestort het en tot in ewigheid regeer. Hy is die antwoord en Hy is die enigste antwoord – Hy is die een wat gevolg moet word. Dit is dan wat hierdie eerste kerkmense gedoen het – hulle het Christus gevolg. Hulle het sy dissipels geword en dit met intense inspanning gebly ongeag die vervolging wat hulle sou moes deurmaak.

**2. Hulle het met intense inspanning ongeag teëstand aangehou om te bly in die gemeenskap**

Hierdie mense het hulle eiendom en besittings verkoop en die opbrengs onder almal verdeel. Hierdie was ‘n besondere manier van versorging van mekaar, omsien na die gemeenskap waarvan hulle deel was. As daar nood was by een of ander, dan het sommige hulle besittings, hulle eiendom verkoop om in die nood te kan voorsien – in liefde het hulle na mekaar uitgereik en mekaar se laste gedra.

**3. Hulle het met intense inspanning ongeag moeilikhede met die breking van brood voortgegaan**

Die breking van die brood was, soos dit later bekend geword het, die liefdesmaaltye. Dit was wanneer hulle bymekaar gekom het, het almal kos gebring, rykes en armes, dit uitgepak vir almal om daarvan te eet. Die gelowiges het met mekaar geassosieer – rykes en armes, jonges en oues, slimmes en die wat nie so slim was nie, vooraanstaandes en nietiges.

**4. Hulle het met intense inspanning ongeag hoe moeilik dit was, aangehou met die gebede**

Hulle het in ‘n geloofsgemeenskap bymekaar gekom waar hulle aktief hulle geloof beoefen en uitgeleef het. Hierdie gemeenskap was Godgerig, want gebede het oor God gegaan. Hulle het dus “kerk” gehou om God te verheerlik, God se Naam groot te maak, God te aanbid.

**Slot**

Die kerk is nie maar iets wat in wêreldse terme van **effektiwiteit en diens** deur regulasies en protokols aan bande gelê of van die uitoefening van roeping beroof kan word nie. Die rede: Die kerk is nie iets nie, maar die kerk is iemand – die kerk is jy.

**Laat ons dit besef en steeds met intense inspanning in hierdie tyd van inperking kerk wees**
(dissipelskap, onderlinge liefde, broederskap, aanbidding)
**want God werk deur ons!**